Voel jy vér van God?
29 Oktober 2023
Ds. PC Pretorius

pc@moreleta.co.za

Inleiding

Voel jy vér van God?
Of het jy al vér van God gevoel in jou lewe? As gevolg van die mens se toedoen, bring dit soms afstand tussen ons en God.
As daardie afstand te lank of te veel word, vorm ons baie keer wanpersepsies of glo ons leuens oor wie God is, of hoe Hy met ons wil handel. In die Woord is daar verskeie kere waar afstand tussen God en mens gekom het. Dit is as gevolg van die mens wat nie die volle oorgawe lewe wat God bied wil leef nie, of ons eie planne en besluite wat belangriker raak as God sin vir ons lewe.
Van die tuin van Eden, tot die toring van Babel, tot deur die Ballingskap van 586 v.C. af, sien ons die patroon van die mens wat vér van God begin lewe. Maar God kom maak 'n plan:
Sy Drie-Eenheid kom wys sy karakter en hart deur Jesus Christus en die Heilige Gees.

Lees saam

Skrifgedeeltes:

- Genesis 3:23
- 2 Konings 25:8-11
- Johannes 1:14
- 1 Johannes 1:6-7

Gesels saam

- Wat leer hierdie gedeeltes ons oor God die Vader, Seun of Heilige Gees?
- Wat leer hierdie gedeeltes ons oor die mens?
- Wat leer hierdie gedeeltes ons oor die wêreld in die algemeen?
- Hoe dink jy dink God oor afstand tussen Hom en die mens? Asook tussen mens en mens?

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?

- **Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeeltes waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)**
- **Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)**

I Will Statement:

Bid saam

1. Vra die Here waar in jou lewe moet jy nog gehoorsaam wees aan Hom.
2. Onderwerp opnuut jou wil en gedagtes aan God.
3. Bid dat die Heilige Gees jou sal wys wat die Here se wil is vir jou om te doen.
4. Vra dat Vader jou oë sal open om geleenthede raak te sien en dat jy gehoorsaam sal wees om dit te doen.